
**GOD WERK DEUR DIE PREDIKING IN DIE GELOOFSLEWE:**

**'N HOMILETIESE SLEUTEL VIR DIE PREDIKING**

Jan J. van der Walt
Departement Diakoniologie, PU vir CHO

**ABSTRACT**




God uses preaching to influence religious life: a homiletic key to preaching.

God speaks directly through the reading from the Scriptures during public worship, but in our ministry we should "do it AS one speaking the very words of God" (1978 N T V). Our preaching should be continually put to the test and measured against the very words of God. The word of God IS His power (Rom 1:15, 16; 1 Cor 1:18, 24; 2 Cor 4:5, 7). To have the power of God, our preaching should be filled with the Holy Spirit (2 Tim 1:7; 1 Thes 1:5). The Power of God in our preaching will be evident if it moves the religious life of Christians in such a way that they cannot possibly remain neutral. That every listener should make a commitment in real life, is the acid test for the power of true preaching. (John 3:5 - 8; 16 - 19). What is the key to preaching

of this kind? An analysis of four Biblical sermons has shown that the web of a key to powerful preaching consists of at least five points:

1. The preacher must be cognisant of the fact that God has entrusted him with His Word AND his church. He must therefore see to it that he is aware of the situation of the congregation so as to be able to preach the Gospel to suit the realities of their lives.

2. In the concrete situation of real life, every person has his or her own living faith which determines his worship of God. A true sermon must, to be relevant and powerful, adress this faith.

3. To be relevant, a sermon must speak in terms called from the common stock-in-trade language of the congregation.

4. By thus preaching according to the situation of the congregation in real life, the people must be brought before the living God who speaks to them through His Word so that they may know Him, the Triune God, and to commit themselves to the service of His honour.

5. True preaching always comprises an inescapable call to obedience. The sovereignty of God, salvation by Christ and rebirth through the Holy Spirit ensure that God's own children will certainly make the right commitment.

## 1. DIE KRAG VAN DIE WOORD AS PREDIKING

Die Heilige Skrif is die Woord van God. In die erediens is die eintlike prediking die lees van die Woord. Dan spreek God regstreeks. Paulus verbind "krag van God" en "verkondiging van die evangelie" regstreeks aan mekaar in Romeine 1:15, 16; 1 Korintiërs 1:18, 24; 2:4, 5; 4:19, 20; 2 Korinthiërs 4:5, 7; 1 Tessalonisense 1:5. Met nadruk word in Romeine 1:15, 16 dié "prediking" (Calvyn, 1888:36) "krag" genoem om aan te dui dat die geopenbaarde Woord, die Bybel as prediking, werkende alvermoë (Greijdanus, 1933:90) van God is waarteenoor geen neutraliteit moontlik is nie, want dit is God in aksie (vgl. Alford II, 1871:318). Die krag van God is dus wesenseie aan hierdie prediking.

## 2. DIE KRAG VAN DIE WOORD IN DIE PREDIKING

Tussen die Woord as prediking en die Woord in die prediking is daar die verskil: die eerste is regstreekse praat van God deur sy openbaringsdiensknegte; hierdie prediking is self kanon en is dus nie toetsbaar nie. Ons prediking daarinteen is verklaring van die prediking as openbaring en daarom toetsbaar. Tussen die openbaringsprediking en die verklarende prediking is dus nie 'n gelykaanteken te plaas nie. Deur die Skriflesing is God aan die woord, maar ons prediking moet God aan die woord laat kom (1 Pet 4:11) voordat dit die krag van die Woord dra, want ons prediking is tegelykertyd afhanklik van die krag van die Heilige Gees (2 Tim 1:7). Die beste teologiese begronding help nie die prediker as die Gees Hom onttrek nie (1 Tess 1:5; vgl. Bohren, 1974:66).

Die krag van die Woord kom in ons prediking tot openbaring deur die inwerking daarvan in die geloofslewe van 'n mens sodat dit vir die mens onmoontlik is om neutraal te bly. In die "onmoontlikheid" word die krag van die Woord bewys en word ware prediking getoets. Want ware prediking stel die hoorder onontkombaar voor die keuse: wat doen jy met God?; glo jy Hom of glo jy Hom nie? Geloof is nie neutraal en formeel

"kennis en vertroue" nie. Ware geloof is 'n kompromitterende keuse "waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het" (HK, antwoord 21). Geloof is ten diepste 'n keuse vir God. Op hierdie wilskeuse is die weergeboorte gerig (Joh 3:5-8, 16-19; DL IV,16). "Daarom werk hierdie Goddelike genade van die wedergeboorte nie in die mense asof hulle stokke en blokke is nie; ook vernietig dit nie die wil en sy eienskappe nie en dwing dit nie met geweld teen sy sin nie. Die genade maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig. Terwyl die sondige opstandigheid en verset vroeër volkome oorheers het, begin 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees nou die oorhand kry. Hierin lê die ware geestelike vernuwing en die vryheid van ons wil.

Inderdaad, as die uitnemende Werkmeester van alle goeie dinge nie so met ons gehandel het nie, sou die mens glad geen hoop hê om deur sy vrye wil uit die sondeval op te staan nie. Deur sy vrye wil het hy homself, toe hy nog gestaan het, in die verderf gestort." (D.L. IV, 16.)

God is absoluut soewerein, maar ten spyte van sy krag in sy Woord en sy krag in die prediking, neem Hy nooit die verantwoordelikheid van die mens af weg nie. Hy dwing nooit 'n mens teen sy sin nie. Hy handel met die mens altyd in die vryheid van sy verantwoordelikheid want Hy wil vrywillig deur kinders (en nie geprogrameerde rekenaars nie) liefgehê en gedien wees (Ef 1:5). So groot is God. En so vol krag moet Hy verkondig word. Hieraan mag in die prediking niks afgeskaal word nie. "Wie door die dunamis (krag) ten leven gaat, die weet het, die heeft een bewust keuse gedaan" (Grosheide, 1932:70.) Dit is nie die eie aard van die prediking om mense verlore te laat gaan nie (vgl. Calvyn, 1888:36), maar hulle ag uit eie keuse die prediking dwaas en word daarom self deur die prediking verdwaas. (1 Kor 1:20-24.) So werk die ware prediking elke keer (Grosheide, 1932:69; Greijdanus, 1933:91) wat dit gehoor word. Geloof is immers nie 'n enkele afgehandelde daad nie, dit is nooit staties nie, maar is 'n voordurende onvoltooide werksaamheid. Geloof word gewoonlik uitgedruk in 'n praesens partisipium of 'n ingressiewe aoristus. Geloof moet groei (Ef 4: 13-16).

Tot die groei is die prediking diensbaar - prediking en nie opstelle of lesings of verhale of redenasies of teorie of ideologie of estetiese strelinge nie. Prediking alleen baar nuwe mense.

Waaraan moet ware prediking beantwoord - en is dit "leerbaar" (Bohren, 1974:66) - om krag van God te wees?

## 3. SLEUTELS VIR DIE WARE PREDIKING

'n Sleutel vir die prediking moet duidelik van die struktuur van die preek onderskei word. 'n Sleutel is die wesenlike van ware prediking en struktuur is die bou van 'n preek. Vanselfsprekend sal die sleutel die struktuur beïnvloed, want die struktuur staan in diens van die eie aard van 'n preek wat in die sleutel verantwoord word.

Die Reformatore het bely: die prediking van die Woord is die woord van God (vgl. Confessio Helvetica posterior). Die geheim van die skynbaar gewaagde is is 'n "pneumatologiese geheim" (Cilliers, 1982:1). Daar is 'n voorbehoud ingesluit in die is: prediking moet die Woord van God praat om in die krag van die Heilige Gees te werk (vgl. Calvyn, Inst. IV, II.3). Suiwer prediking in die sin van "leerstellig korrek" is nie die enigste eis nie. In 1 Korintiërs 1:17,18 en 2:1 leer Paulus dat 'n verkeerde manier van preek ("wysheid van woorde") 'n preek van die krag van God kan beroof.

Die soeke na 'n sleutel vir die ware prediking kan nie by die hermeneutiese aspek vassteek nie maar moet tot die homiletiese aspek deurtas. Die Hermeneutiek het sy mikpunt in die prediker se verstaan van die Woord, en die Homiletiek het sy mikpunt in die gemeente se volbring, uitlewe van die Woord. Daarom is die soek na 'n homiletiese sleutel vir die prediking noodsaaklik. 'n Homiletiese sleutel dui aan deur watter reëls prediking, wat met die krag van God in die geloofslewe deurwerk, bepaal word. Dit is die reëls wat 'n preek getrou maak aan sy aard en doel. Vanselfsprekend hou die nakoming van die reëls alleen geen waarborg in dat 'n preek krag van God is nie, want die verhouding

van die prediker met God, die vraag of hy met die Heilige Gees vervul is, bepaal die effektiewe werking van die reëls. Met die regte sleutel maar sonder die Gees, werk 'n preek ni

Verskeie hermeneutiese sleutels is al aangedui en met groot vrug in die prediking gebruik. Die gevaar is dat 'n slegs hermeneutiese sleutel die preek lesingagtig kan maak sonder dat die swaard van die Woord in die lewe insny, tussen murg en been in.

As voorbeeld van 'n hermeneutiese sleutel kan die van indikatief, imperatief en belofte dien (vgl. Floor, 1974:19; Coetzee, 1985:17). Hierdie sleutel is uitgebrei met "Godsopenbaring" en "telos" (Van der Walt, 1985:48,60) en deur Vermeulen (1986:10,11) in preekanalise toegepas. Die gebruik van 'n preekdoelwit (telos - Adams, 1982:27) bou iets van 'n homiletiese sleutel in die hermeneutiese sleutel in.

'n Ander sleutel word gegee deur Crouch (1983: XVI) in sy ontleding van Hebreërs: "topic, text, introduction, proposition (theme), body (structure), conclusion". Hierdie sleutel is struktureel van aard.

Bekend is ook die psigologiese sleutel van Hoekstra: protrepties, empoëties en didakties (1926:322).

Cilliers (1982:15,34-37) gebruik 'n sleutel wat hy self aandui as "linguisties-teologies" om na die "intensie" van die prediker te soek.

Die "sleutel" van Calvyn is, soos Dijk (1955:57) dit weergee, sterk dogmatologies bepaal deur uitverkiesing, verbond, verlossing in Christus en gehoorsaamheid. Floor (1979:65) kom, in sy ontleding van Paulus se preek in Handelinge 17, naby aan 'n homiletiese sleutel. Hy sê die apostel gebruik 'n byna "stereotiep schema: God en de Schepping - zonde - oordeel - bekering - verlossing". Floor (1979:68) konkludeer dan: "We kunnen dus uit de Handelingen van de apostelen leren dat onze prediking - sowel die op het zendingsveld als ook die in de gevestigde gemeenten - deze vier basiselementen moet bevatten". Ook hierdie sleutel is hoofsaaklik dogmaties van aard.

In al hierdie onderskeie "sleutels" is daar homiletiese elemente en elkeen beklemtoon sake van wesentlike belang vir die prediking. Maar 'n homiletiese sleutel het ons nog nie.

## 4. 'N HOMILETIESE SLEUTEL UIT DIE SKRIF

Die klag wat die meeste in die kerk van ons tyd gehoor word, is teen die "onbetrokkenheid" van die lidmate gerig. Dit laat sommige te ver gaan deur te sê: die kerk is dood. Onbetrokkenheid sê wel daar is doodsheid in die kerk. Lloyd-Jones kla dikwels in sy geskrifte oor hierdie oppervlakkigheid of doodsheid; "the present more or less parlous condition and ineffectiveness of the Christian Church in the world today" (Lloyd-Jones, 1976:9-25, vgl. ook Van der Walt, 1985:44-48). Hierdie klag is 'n sware aanklag teen die prediking, want 'n kerk lyk soos sy prediking lyk: onbetrokke prediking baar onbetrokke lidmate. Daarom begin reformasie (herstel uit valsheid) en herlewing (herstel uit doodsheid) van die kerk in prediking wat krag van God is.

In praktiese onderrig aan teologiese studente oor preekanalise, het mettertyd 'n patroon na vore getree en daarmee saam 'n oortuiging dat die Skrif 'n sleutel vir die prediking gee om met krag in die geloofslewe in te werk. Die Skrif is ook hierin die kenbron vir die Homiletiek.

Uit die ondersoek het geblyk dat 'n duidelike sleutelbaard[1] na vore kom. In hierdie sleutelbaard is vyf punte onderskei wat saam 'n homiletiese sleutel vorm. Die resultate word aangebied as 'n en nie as die homiletiese sleutel nie. Tog staan die oortuiging vas dat die vyfpuntige sleutelbaard daarop gerig is om die krag van God in sy Woord deur die prediking doeltreffend in die geloofslewe van die mens te laat werk.

Die vyf punte van die sleutelbaard is:

---

[1] 'n sleutelbaard is die ingesnyde puntige deel van die sleutel wat die slotplaatjies verskuif sodat die slot oop- of toesluit.

(a) die werklikheid in die mens se lewe;

(b) die geloofspanning of -agtergrond binne die werklikheid;

(c) die begripswêreld verbind aan die werklikheid;

(d) die ken van God in die werklikheid;

(e) die onvermydelike keuse vir of teen God in die werklikheid.

## 5. ILLUSTRASIE VAN DIE SLEUTELBAARD

### 5.1 SKRIFGEDEELTES

Die sleutelbaard word in vier gedeeltes van die Skrif aangetoon en verduidelik. Daar word getrag om binne perke van die ruimte van hierdie artikel tog so 'n groot moontlike verskeidenheid van preeksoorte te betrek om aan hierdie homiletiese sleutel die grootste moontlike geldigheid te gee.

Vier preke uit die Skrif word gebruik.

**Deuteronomium 6:1-9:** Deuteronomium bevat preke van Moses aan Israel. Die tweede preek in hoofstuk 4-11 is die hart van die boek (Thompson, 1974:14; Ridderbos, 1963:6). En 6:1-9 is 'n afgeronde eenheid in hierdie preek.

**Lukas 15:** Lukas 15 vorm 'n hegte eenheid, tussen die drie gelykenisse en tussen die gelykenisse saam en die eerste verse. Dit is 'n preek in drie gelykenisse (vgl. Du Toit, 1987:161).

**Handelinge 1:1-8:** Die verkondiging van Jesus in Handelinge 1:1-8 is nie op gelyke voet met die ander 'n preek nie, maar is wel 'n voorbeeld van hoe Jesus sy dissipels geleer en toegerus het.

**Handelinge 17:16-34:** Hierdie belangrike optrede van Paulus voor die Areopagiete is 'n tipiese voorbeeld van sy prediking aan die heidene (vgl. Floor, 1979:65e.v.; Williams, 1965:127).

Die eerste drie voorbeelde word in 'n samevattende skematiese weergawe aangebied om so bondig moontlik tog 'n duidelike beeld en verantwoording van die sleutel te bied. Handelinge 17:16-34 word breër uitgewerk.

## 5.2 PAULUS PREEK VIR DIE AREOPAGIETE: HANDELINGE 17:16-34

Die belangrike optrede van Paulus voor die Areopagus kan in drie stadia ingedeel word.

Vers 16-21 beskrywe die situasie;
Vers 22-31 beskrywe die preek;
Vers 32-34 beskrywe die keuses.

### 5.2.1 Die situasie

Die situasie en die mense daarin betrokke word baie duidelik geteken deurdat Atene beskrywe word as "vol afgodsbeelde"; hoe vol blyk uit die feit dat Paulus, wat in Tarsus gebore is en gewoond was aan die Grieks-Romeinse heidendom, baie verontwaardig ("vehement"- Blaiklock, 1961:144) was. Gevolglik tree hy nie net in die sinagoge op nie, maar praat ook daagliks met verbygangers op die mark. Hy maak dus gebruik van wat in Atene bekend is as die Sokratiese metode (Packer,1966:145; Blaiklock, 1961:17 - "the strolling philosopher"). Sodoende kom hy ook op die mark, wat die werkterrein van die wysgere in Atene is. Daarom neem die Epikureërs en Stoïsyne aksie en stry ("debatteer"- Grosheide, 1948:131) met hom. Die debat gaan oor "Jesus en sy opstanding" (v.18). Hierdie "nuwe leer" prikkel hulle Ateense temperament wat bo alles graag "iets nuuts" wil hoor of sê (v.21). "Epicureans and Stoics, both were

philosophies of breakdown and despair. The old questing spirit sickened into curiosity, and the search for truth into cynicism" (Blaiklock, 1961:136). Dit lei daartoe dat Paulus voor die Hoofraad van Atene (Areopagus - Williams, 1965: 129) te staan kom. Hulle wil met tipiese Ateense nuuskierigheid en met Epikurese en Stoïsynse agtergronde meer hoor van die nuwe leer van Jesus se opstanding. "Toe" het Paulus vir hulle gepreek (v.22).

### 5.2.2 Geloofsagterstand

Die Areopagiete was volslae heidene. Die Epikureërs ken geen Skepper nie maar 'n menigte gode wat gelukkig is en dus aan niks behoefte het nie (Packer, 1966:148). Daarom bemoei hulle hulle nie met die mense nie sodat daar ook nie sprake is van rekenskap aan hulle nie. Saligheid bestaan vir die Epikureëers daarin om geestelike genot te belewe en smart te vermy (Grosheide, red., 1950:153; Williams, 1965:129) deur onder andere vry te wees van bygeloof. Daarom erken hulle geen lewe na die dood wat mense laat hoop of vrees nie (Blaiklock,1961:138).

Die Stoïsyne glo in 'n skeppergod wat deur 'n soort voorsienigheid of noodlot die heelal geskep het (Grosheide, red, 1950:465). Die skepper is 'n kosmiese gees wat een is met sy skepping. Daarom is daar 'n selfkreërende krag in die skepping, wat meebring dat volke hulle eie ontstaan bewerk. Die mens is selfgenoegsaam en het geen behoefte aan versoening nie. Hieruit volg ook 'n sedeleer, waarop hulle groot klem lê, wat geluk soek in handhawing van die natuurwette (vgl Grosheide, 1948:2:146; Williams, 1965:129; Blaiklock, 1961:141,142).

### 5.2.3 Terminologie

Paulus sluit aan by die terminologie van die Griekse wysbegeerte. Die aansluiting geskied in so 'n mate dat sommige eksegete die Areopagus-

preek "on-paulinies" (vgl. Grosheide, 1948:2:138; Williams, 1965:127) noem. Die Stoïsyne was panteïsties, die groot gehoor politeïsties en sinkretisties - daarom begin Paulus met die eenvoudigste aanname van albei: daar is 'n godheid wat die religieuse mens probeer behaag en wat sekere wysgere probeer verstaan (vgl. Blaiklock, 1961:141). Paulus noem die Ateners "godsdienstig" (deisidaimonesterous). Die woord beteken om groot ontsag vir die gode te hê maar kan ook beteken om bygelowig te wees (Foerster, 1935:20; Calvyn II, 1899:226). In die woord en situasie lê die moontlikheid dat Paulus dit met voorbedagte rade gebruik met 'n tikkie ironie, iets wat die gehoor stimulerend sou vind, want Aristoteles gebruik die woord in die betekenis van godsdienstig en Theophrastus in die sin van bygelowig (Blaiklock, 1961:140,144).

Terwyl die Ou Testament (Ps 115:4; 135:15; Jes 44:12; 46:5) en die Nuwe Testament (Rom 1:20-22; 1 Kor 8:4) afgode bespot en as iets wat nie bestaan nie beskrywe, redeneer Paulus in vers 29 op filosofiese wyse, om hulle te bereik, met die Areopagiete vanuit hulle religie en gebruik selfs die begrip "die godheid", 'n "abstractum, zoodat de apostel ook thans nog dezelfde woorden gebruikt als de stoa doch ze weer neemt in een anderen zin" (Grosheide, 1948:2,156; vgl. Blaiklock, 1961:141).

"'n Onbekende god" is nie 'n onkenbare god nie maar een wie se naam onbekend is - 'n gedagte wat by die Grieke en Romeine algemeen was (Grosheide, 1948:2,145). Hy sluit by die lewende godsdienstigheid van die mense aan (Calvyn, 1899:2,241).

Die gedagte dat die mens "rondtas om Hom te vind", pas by die Stoïsynse materialisme en is heeltemal on-Joods (Grosheide (2), 198:150), terwyl dit in die gedagte van die hoorders herinneringe oproep van die gebruik van die woord deur Plato om gissings na die waarheid aan te dui (Blaiklock, 1961:145). In verband met die skeppingswaarheid dat ons van God "afstam", haal Paulus twee Stoïsyne aan. Aratus sê in die begin van sy gedig "Phaenomina" dat die mens van die geslag van Zeus is. God "wat alles gemaak het", sluit by die Stoïsyne aan, en dat Hy "nie nodig (het) dat mense Hom versorg nie", sluit by die Epikureërs aan (Packer, 1966:148). Die feit dat Paulus so nou aansluit by wat in die belewingswêreld van sy hoorders bekend is, is nie alleen 'n bewys van sy uitnemende Griekse opleiding nie maar is deel van sy preekmetode

(Calvyn, 1899:2,241; Grosheide, 1948:156) wat met die metode van Jesus ooreenkom (Blaiklock, 1961:140).

### 5.2.4 Opbou tot ken van God

Hoewel Paulus die konkrete situasie aanspreek en selfs die wysgerige terminologie gebruik, doen hy dit alleen om aktueel te wees en verstaan te word. Hy sê uit die staanspoor: "Hom dan wat julle vereer sonder om Hom te ken, verkondig ek aan julle" (v.23b). Dus: hulle "onkunde" is nie dat hulle die god wat hulle soek se naam nie ken nie maar dat hulle die ware God nie ken nie. Hy toon aan dat hulle godsverering "ondeurdag en onseker" (Calvyn, 2.1899:226) is - hy ontbloot hulle oppervlakkigheid aan hulleself. Teenoor die panteïsme en materialisme verkondig hy God die Skepper, wat self bo sy skepping is (v.24) en daarom nie in tempels woon nie. Hy is nie slegs onafhanklik van mense nie - soos die Stoïsyne ook leer -, maar die mens is geheel en al van Hom afhanklik (v.25).

Teenoor die selfkreëring van volke verkondig hy God se skepping en voorsienige bestuur, die eenheid van die mensheid uit een mens. Daarom kan daar een diens van die een God wees, met een weg van saligheid. Mense gaan in betekenis aan volke vooraf. En die mense bestaan "sodat" (v.27) hulle God kan soek. Hy is te vind, selfs te tas, in sy Selfopenbaring. Calvyn (2.1899:238) stel met gloed dat God Hom so duidelik openbaar dat dit deur 'n blinde getas kan word. Maar die soek na God is 'n soek na sy gemeenskap, want Hy "is nie ver van elkeen van ons nie" (v.27). Vir die "soek" vra God van die mens 'n bewuste daad, om ontwil van God self. Die wysgerige gedagte dat ons van God se geslag is, sê: dan is God nie af te beeld nie want die mens is sy beeld en moet hom daarna gedra (vgl. Williams, 1965:130). Die aansluiting by die altaar was net om van die altaar los te maak (Grosheide, 2.1948:156).

### 5.2.5 Onafwendbare keuse

Nadat Paulus die "onbekende god" verdiep en verander het na "onbekend met God", keer hy in sy prediking weer na die opstanding terug. Iets nuuts (ta nun) het inderdaad gekom, 'n ander tyd as die tye van onkunde. God verkondig (apaggelein) bekering en wel aan "alle mense" (v.39). Die Areopagiet (elkeen) staan met God gekonfronteer, met God wat ekumenies (oikumenen - die hele bewoonde wêreld, Arndt, 1957:564) in geregtigheid oordeel. Daar is dus geen ontvlugting nie. Die Epikureër is gekonfronteer in sy miskenning van immoraliteit en die Stoïsyn in sy selfgenoegsaamheid wat geen versoening nodig ag nie. Die nuwe tyd, wat die onontkombare oordeel van God self inhou, het God bevestig deur "'n Man". En die "Man" het Hy bevestig deur Hom uit die dood op te wek. Daarmee is Paulus terug waar hy begin het (v.18) (vgl. Opperman, 1987:64,65). "In general, the speach remains a vivid reminder that all preaching of the Gospel must find some point of contact with the hearers, and further that faith in Christ can hardly be affectively proclaimed apart from faith in one Living and Eternal God" (Williams, 1965:125). Dit vra bekering. God duld niks naas Hom nie. En tog 'n uitkoms! God het Homself geloofwaardig gemaak in die opstanding van "'n Man"! (pistin paraschon). Geloof as 'n ontkoming is beskikbaar deur en op grond van die opstanding. Die Areopagiete het 'n keuse en moet 'n beslissing vel. En hulle kies: sommige spot; ander draai hulle los. Op 'n tipiese vryblywende wyse verwerp hulle God (v.32). Maar sommige manne het geglo (v.34). Een is Dionisius, "die Areopagiet". Triomf van die prediking! Dit ruk 'n stroom van blydskap saam met God deur die hart van die prediker oor een wat hom bekeer (Luk 15). Hier werk God in die geloofslewe: tot die dood en tot die lewe. Die keuse was na beide kante welbewus en onafwendbaar.

## 5.3 SAMEVATTENDE SKEMATIESE WEERGAWE.

| | SITUASIE | GELOOFSPANNING | TERMINOLOGIE | OPBOU TOT KEN VAN GOD | ONAFWENDBARE KEUSE |
|---|---|---|---|---|---|
| Deuteronomium 6:1-9 | Israel op trekpad, naby Kanaan wat oorloop van melk en heuning (6:3), omring van die diens van vrugbaarheidsafgode (Num 25) (Ridderbos, 1963:125). | Israel geneig om God te vergeet (6:1-3) deur sy seëninge aan Baals toe te skrywe. (Thompson, 1974:124; Phillips, 1973:12). | Op pad, gaan lê, opstaan, inbring in die land, luister (hoor en gehoorsaam). | Een Here en een manier om Hom te dien, alle plekke, alle handelinge (6:4-9). | Gehoorsaamheid en trou gee lewe (6:1-3) Die keuse is die hart van die boek (Cunliffe, 1964:82; Calvyn, 1854:310). |
| Lukas 15:1-32 | Die Fariseërs verag Jesus omdat Hy met tollenaars en sondaars saameet (Morris, 1974: 237; Greijdanus, 1941: 731). Tollenaars en sondaars het gehoor gegee aan Luk 14:35. | Fariseërs het geleer: geen omgang met sondaars nie. Geen rabbynse ekwivalent vir God wat sondaars soek nie (Morris, 1974:239). Daarom geen ag op Jesus se preek in Luk 14 nie. | Herderbeeld bekend. Wet eerder te soek as skatte (Strack-Billerbeck, 1924: 212). Vader en seuns in Joodse tradisie; "saam met my bly" in feesmaal (Greijdanus, 1941:735, 745, 762). | God het vreugde oor elke sondaar wat hom bekeer. Vreugde progressief aangedui (15:7, 10, 20, 32). So klop God se hart (Smit, 1987:166, 167; Du Toit, 1987: 161). | God verwag in sy kind se hart vreugde in sy vreugde (vgl "ons" in vers 32). Die keuse is 'n "moet" (1953); "kan tog nie anders nie" (1983). |
| Handelinge 1:1-8 | Jesus is besig met sy finale toerusting van sy apostels (Calvyn, 1899:10). Hy praat oor die koninkryk van God (1:3). Sy opdrag is: wag op my belofte (1:4). In die wagtyd het hulle telkens bymekaar gekom. | Die apostels word haastig en nuuskierig en vra na 'tyd' en 'volk'. (Calvyn, 1899:18-19; Alford, 1877:3). Gebrek aan begrip van die ewigheid en ekumenisiteit van die koninkryk van hulle eie betrokkenheid. | Teenoor "tyd" en "volk" stel Jesus "tye en geleenthede en mense "tot die uiterste van die aarde "Gaan U" beantwoord Hy met "julle sal". | God die Vader alleen beheer met bevoegdheid (Grosheide, 1942:18) die koninkryk. Die apostels gestel voor die absolute soewereiniteit van God, en hulle eie afhanklikheid: "van My" (1:8). | Keuse vir apostels tussen koninkryk: in hierdie tyd/ oorgawe aan Vader met sy tyd; Israeliete/ ekumeniese; eie genieting/ dienswerk. Kortweg: God dien ons of ons dien God. |

## 6. 'N HOMILETIESE SLEUTEL VIR PREKE WAT IN DIE GELOOFSLEWE DEURWERK

### 6.1 DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE PREDIKER

Op grond van die toets van vier Bybelse preke kan 'n homiletiese sleutel aangebied word. Sover as wat die prediker verantwoordelik is vir die kragtige deurwerking van die Woord in die geloofslewe, is die punte in die sleutelbaard van deurslaggewende belang sodat mense 'n preek nie onbetrokke sal aanhoor nie, maar aktief in 'n aksie van belydenis met rekenskap en besluitnemend daaraan sal deelneem. Egte Skrifprediking moet betrokke gelowiges baar en opvoed. Daarom is dit noodsaaklik dat elke prediker konsekwent daarmee rekening sal hou dat hy nie net 'n teks as opdrag het nie, maar ook 'n gemeente. Die gemeente, wat Hy met sy eie bloed verkry het, vertrou Christus aan 'n prediker toe vir toerusting met die oog op groei (Hand 20:28; Ef 4:11-16).

Vyf punte van 'n homiletiese sleutelbaard word vervolgens bespreek.

### 6.2 PUNTE VAN 'N HOMILETIESE SLEUTELBAARD

#### 6.2.1 Betrokkenheid in 'n werklikheid

Wanneer 'n preek hoofsaaklik 'n uiteensetting van die oorspronklike situasie en die betrokkenheid van die mense in die situasie is, ervaar die huidige hoorders in hulle eie situasie die preek nie-belangwekkend en sonder appèl, soos 'n abstrakte lesing. Om die lesingagtigheid, appèlloosheid en abstraktheid te probeer oorkom deur enkele konkrete toepassings te maak, kom meestal nie verder nie as veralgemenings waarby die "ek" van die hoorder, binne eie lewenswerklikheid, buite

trefafstand bly. Veralgemenings blokkeer 'n preek se deurwerking na die werklike geloofslewe.

Dit is inderdaad een van 'n prediker se grootste probleme om in 'n situasie in te preek. "You must speak week by week to people who are often apathetic, whose concerns are elsewhere, who see no immediate application of your message to their lives." (Adams, 1987:59.) Adams se antwoord hierop is: "You must create an event." (Ibid.) Daarmee bedoel hy nie "an objective event occuring in space and time. Rather this event is subjective, occurring in the mind. It is a mental milieu. Properly described, such an event will be just as real as if it were actually happenning." (Ibid.) Adams bied wel 'n oplossing, maar 'n naasbeste. Daar is oorgenoeg werklike situasies met geloofspanning in 'n gemeente aanwesig waarin gepreek kan word. 'n Substituut, 'n opgemaakte situasie, is onnodig en selfs gevaarlik. Want 'n gemeente sal spoedig ontdek dat dit 'n truuk is. Die finale uitwerking sal ook uitbly as die "event" nie op 'n konkrete situasie betrek word nie.

Die vraag ontstaan of die bekende onderskeiding van verklaring (eksplikasie) en toepassing (applikasie) genoegsaam uitdrukking gee aan die vereiste dat 'n preek met die Woord in die werklike lewe moet insny om die krag van die Woord te laat werk. Die sonlig van die Woord moet soos deur 'n brandglas met 'n brandpunt op lewenswerklikhede gerig word om dit met gesag aan te spreek. 'n Lesing kan swewend, abstrak en algemeen wees, 'n preek nie. In 'n preek moet toepassingsmoontlikhede nie "gesoek" word met vrae wat die hoorder alleen laat met sy antwoord of met veralgemenings soos "ons doen dit so dikwels ook" nie. Hierdie soort toepassings verraai hoe daar vir 'n abstrakte preek toepassingslêplekkies gesoek word. "Wat nú de konkrete boodskap van de tekst voor de gemeente is, moet in de meditatie gestalte krijgen. Het is duidelijk, dat hier de beslissing valt over de zgn. 'applikatie'." (Trimp, 1980:20.)

Van 'n prediker word vereis dat hy die Woord en die gemeente sal ken en bymekaar sal bring sodat God met die lewende gemeente in hulle lewenswerklikhede sal praat. Daarom het 'n gemeente 'n eie predikant en nie 'n rondreisende prediker nie. (Juis hierdie gemis aan kennis van die gemeente is een van die groot verleenthede van 'n

geleentheidsprediker.) Wetenskaplike analise van die geemtesituasie, wat Lindgren (1965:60-67) aangedui het en wat in die jongste jare heelwat aandag ontvang het (vgl. Getz, 1980:12-159; Admas, 1982:34-41; Louw, 1987:71-93), behoort gebruik te word om 'n gemeente se lewenswerklikhede vas te stel.

Om die Woord in die werklikheid in te preek, vra moed, heilige moed - wat 'n prediker net op sy knieë kry - om uit die veiligheid van die abstrakte ('n lesing oor die eksegese) in die riskante van die konkrete in te stap en van eksegese 'n preek te maak - betroubaar, in die sekerheid: ek is van Christus en van God (1 Kor 4:1-5).

### 6.2.2. Die werkende geloof in die konkrete situasie

Die geloofspanning of geloofsagterstand of geloofsgebrek of die behoefte aan geloofsbevestiging in die mense binne-in die situasie moet onderken word. As dit nie gedoen word nie, woel 'n preek maklik vas in die spinnerak van blote dogmatiek of van situasie-etiek en moralisme. Die leer wat antwoord gee op die mens se geloofsvrae en geloofsgedrag, moet vasgestel word, want dan kan die Woord met krag die mens binnedring tot in sy verantwoordelike beslissing. Deur die leer wat werklik in 'n mens lewe, word hy in sy omgang met God beweeg. Want 'n mens se lewende geloofsleer is sy bewuste omgang met God. En omgekeerd: wat werklik in 'n mens in sy omgang met God lewe, dit is sy geloof. 'n Mens se geloofsleer staan nie êrens neergeskrywe en word nie uit die kop geleer nie. Hoewel 'n lewende geloofslewe op so 'n objektiewe belydenis kan berus, moet 'n preek 'n mens in sy eie geloofsleer met die Woord aanspreek sodat hy die krag daarvan ervaar. So nie is 'n preek abstrak, nie-belangwekkende, 'n eksegetiese (of erger: 'n kultuurhistoriese) lesing en sonder veel trefkrag. Elkeen van die Skrifpreke se trefkrag het gelê in die regte leer oor God wat in die bepaalde situasie as korrektief of bevestiging van eie geloofslewe verkondig is.

(Punt 6.2.1 en 6.2.2 van die sleutel sal die prediker bewaar van eensydige tekskeuses. Hierdie sleutel sal ook ten beste werk met

reekspreke uit Skrifgedeeltes wat op die gemeentesituasie toepaslik is, sonder om enkeltekste uit te skakel.)

### 6.2.3 Die terminologie in die prediking

Die antwoord op die geloofsvraag in die situasie moet geskied in begrippe en beelde, in taal wat vir die aangesprokenes onmiddellik verstaanbaar en toepaslik is. 'n Preek moet in terminologie, "called from the common stock-in-trade" (Williams, 1965:127), van die hoorders praat. Dan word preektaal "'n doeltreffende, doelmatige, adekwate, delikate, fyn ingeslypte middel" (Venter, 1961:40) waardeur die krag van God werk in die lewe in. Hierdie vereiste reik so ver dat elkeen die evangelie in die taal van sy eie leefwêreld moet hoor. Daarom moet die evangelie in 'n preek aangebied word met onderskeiding van die verskeidenheid in 'n gemeente in woordkeuse, idioom, beeld en styl wat alledaags is in die ervaringswêreld van die hoorders. "Preaching, however, is not presenting a lecture in theology but permitting the text to speak as concretely and one-sidedly in the new situation as in the old one." (Greidanus, 1970:228.) "Taal is 'n oop sisteem. Nou: God se Woord staan ook 'oop' - oop na die wêreld en wêreldtale en dit wil in die lewende taal van die dag aan die woord wees. As taal dan 'oop' is en God se Woord is 'oop', dan moet die prediker dit wat taal wil wees, en dit wat God se Woord is, nie toemaak of toehou nie. Die prediking moet oop staan na die werklikheid." (Bingle, 1986:83.) "Die mens is 'n wese wat woon in taal." (Pieterse, 1979:96.)

### 6.2.4 Die ken van God

Die antwoord op die geloofs- of leervraag moet die mens in sy situasie voor die lewende God bring sodat hy Hom "reg leer ken" (Joh 17:3; H.K. antw. 94). Die ondersoek van elkeen van die vier Skrifpreke het die feit met klem na vore gebring dat die evangelie effektief gepreek word

wanneer dit daartoe lei dat God reg geken word. God versoen ons met Homself deur Christus (1 Kor 5:18; Fil 2:9-13). Christusprediking wat nie deurtas totdat die mens deur Christus met God versoen word nie, verval in Christusmonisme, selftevredenheid met eie saligheid, kweek kerke sonder die daadkrag van die geloof wat op die eer van God gerig is (1 Petr 4:11). God moet in 'n preek aan die woord kom. En waar God aan die woord kom, het sy selfopenbaring voorrang (1 Kor 2:1,2). 'n Preek moet mense bekeer "from need to obedience, from satisfying themselves to being at God's disposal ... I believe that until the call to obedience is heard and heeded we shall be left with the disillusionment that cheap grace always brings in its train" (Smail, 1980:203). Daarom is ons hoogste geestelike opdrag "ons (moet) ons sonder ophou beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe word, totdat ons na hierdie lewe die volkomenheid as doel sal bereik" (H.K., antw. 115).

### 6.2.5 Die onafwendbare keuse

'n Preek wat 'n mens in sy konkrete lewensituasie voor die lewende God bring, lei onvermydelik tot 'n beslissende en selfverbindende keuse. Die onafwendbare keuse is die deurwerking van die krag van die Woord wat 'n mens red of veroordeel. In elkeen van die vier Skrifpreke was die keuse, implisiet of eksplisiet, onotkombaar. Want God werk altyd met 'n mens in sy voile verantwoordelikheid. Selfs die vrymagtige en onweerstaanbare werk van die Heilige Gees programmeer nie 'n mens nie, maar wederbaar en vernuwe hom sodat hy in voile verantwoordelikheid God in vrywillige liefde dien. Nie net Josua sê "kies vandag wie julle wil dien" (Jos 24:15) nie, maar die hele Bybel, in elke deel, stel aan elke mens in elke situasie ononderbroke hierdie eis. Daarom kan ware geloof nie arriveer of stagneer nie. Oor en oor, in elke lewenswerklikheid, kies geloof vir God. In Johannes 6:67 dwing Jesus die keuse selfs af.

"Deur die wat aan Hom behoort, weer te laat gebore word, bring God dit wel teweeg dat die heerskappy van die sonde in hulle tot niet gemaak word, want Hy gee aan hulle die krag van sy Gees om in die stryd die

oorhand te kry en te oorwin. Die sonde hou slegs op om in hulle te heers, maar nie om in hulle te woon nie. Ons sê daarom dat die ou mens in die kinders van God op so 'n wyse gekruisig is en dat die wet van die sonde op so 'n wyse in hulle tot niet gemaak is dat daar nogtans oorblyfsels in hulle oor is. Dit is egter nie so dat dit oor hulle heers nie maar so dat dit hulle deur die bewussyn van hulle swakheid nederig maak." (Calvyn, Institusie III, 3.11; vertaling deur prof. S. Simpson.) "There is no divine decree that is not worked out at some point by the Spirit in terms of actual human experience." (Smail, 1980:85.)

Hierdie punt in die sleutelbaard berus op die uitverkiesing deur God, die regverdigmaking deur Christus en die weergeboorte deur die Heilige Gees. God waarborg dat die wat aan Hom behoort, reg sal kies. **MAAR HULLE MOET KIES.**

Die Heidelbergse Kategismus (So. 31) noem die prediking "'n sleutel van die hemelryk". Op die vraag na die sluitaksie, die oop- en toesluit deur die sleutel, is die kern van die antwoord: "so dikwels as hulle die beloftes van die evangelie met 'n ware geloof aanneem" en "solank hulle hulle nie bekeer nie". Die sleutel van die preek draai dus finaal in die onafwendbare keuse wat dit stel. Sonder hierdie keuse sal niemand salig word nie. Om die keuse in 'n preek te vermy, is om God se soewereine werk te wantrou.

In die voortdurende keuse vir God word blywende geloofsvreugde saam met God belewe.

## 7 SLOT

Die Heilige Gees is geheel en al onafhanklik van 'n prediker (vgl. Calvyn, 1988:221, 223). Die omgekeerde is nooit waar nie; inteendeel, die prediker is geheel en al afhanklik van die Heilige Gees. Die onafhanklikheid van die Gees en die afhanklikheid van die prediker bring mee dat 'n preek ondanks swakheid en gebreke nog die vrug van die Gees kan voortbring - die nogtans-desnieteenstaande-vrug van die Gees.

Die gemeenskap van die Heilige Gees gee aan die prediker die moed en krag om vol te hou, "want as ek swak is dan is ek sterk" (1 Kor 12:10).

Die soewereine werk van die Gees word vir 'n ware prediker nooit 'n pleit om minder as sy allerbeste in 'n preek te gee nie. Want hy sal eenmaal geoordeel word, nie oor sy resultate nie, maar oor sy betroubaarheid (1 Kor 4:2).

Die vyfpuntige sleutelbaard van hierdie homiletiese sleutel lê klem op die werk van die Gees wat op godsdiens as lewe gerig is. Die Gees is nie gerig op die skepping van godsdiensfilosofie of -teorie of -ideologie of -spel of -vorm nie.

Die Gees skep lewe, lewe met God. Daarom word 'n preek gerig op die mens daar waar hy lewe soos hy lewe in sy lewenstaal om sy verantwoorde aanbidding van die lewende God deur sy aktiewe oorgawe aan Hom alleen in sy lewe te laat groei.

As (byvoorbeeld) 'n preek oor swak kerkbesoek nie verbetering tot gevolg het nie, moet die saak nie daargelaat word nie, want dan skep die prediker die valse idee dat God met die ongehoorsaamheid verlief neem. Hierdie ongehoorsaamheid moet in 'n opvolgpreek met die Woord aangespreek word. Die toedrag van sake moet nie daargelaat word voordat bekering intree nie. By meetbare sake is die reaksie voor die oë. By onmeetbare sake moet die moontlike reaksies in opvolgpreke aangespreek word en/of in pastoraat bepaal word.

Die homiletiese sleutel wat hiermee aangebied is, dien die prediker om trou te kan wees aan sy opdrag wat die Woord én die gemeente van die Here omsluit (Joh 21:15-17). 'n Bedienaar van die Woord word aan 'n bepaalde plaaslike kerk verbind om daar te preek en in hom moet die bewoënheid, die diepe ontroering van Christus oor sondaars (Mat 14:14; 15:32; 18:27; 20:14; Luk 7:11) gestalte kry. Dit kán en sál as hy Jesus oor hóm al hoor huil het en vir hóm sien sterf het.

Aan die einde van sy dag moet 'n pediker tot sy Here kan sê (vgl. Ef 5:25-27; 1 Kor 9:26; Ps 45:10 berym):

Hier is u bruid.
Ek het in diens van u liefde alles in my vermoë gedoen om haar deur u Woord te heilig en te reinig sodat ek haar voor U kan stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar heilig en sonder gebrek.

Ek het met haar nie in die lug gepraat nie, maar ek het doelwitgerig gepreek om u bruid in haar lewenswerklikheid te bedien, om aan haar vlekke en rimpels te werk, om haar heiligheid heerliker te maak.

Daarom het ek met haar oor U gepraat, met haar hart gepraat:

Gee dan die Koning, groot in mag,
op jou en op jou skoonheid ag,
o weier nie: buig voor Hom neer;
Hy is jou Koning en jou Heer.

## 8. BIBLIOGRAFIE

ADAMS, Jay E. 1982. Preaching with purpose. Phillipsburg : Presbyterian and Reformed Publishing Co.

ADAMS, Jay E. 1987. Preaching out of an event. (In Adams, Jay E., red. Journal of pastoral practice, Vol. VIII no. 4. A professional periodical for ministers. Laverock : Christian Counceling and Educational Foundation. p.58-61.)

ALFROD, H. 1871. The Greek Testament vol. 11. London : Dreighton, Bell and Co.

ARNDT, W.F. en GINGER, F.W. 1957. A Greek-English Lexicon of the New Testament and other early Christian Literature. Chicago : University of Chicago Press.

BINGLE, P.W. 1986. Taal en ver-taal in die prediking. Die homiletiese funksie van taal in die prediking as 'n kommunikasiegebeure. Potchefstroom. (Th.M.-verhandeling - PU vir CHO.)

BLAIKLOCK, E.M. 1961. The Acts of the Apostles. London : Tyndale Press.

BOHREN, R. 1974. Predigtlehre. Munchen : Chr. Kaiser.

CALVIN, J. 1854. Commentaries on the four last books of Moses, arranged in the form of a harmony, vol III. Vertaal deur C.W. Bingham.

CALVYN, J. 1888. Uitlegging van den zendbrief van Paulus aan de Romeinen. Vertaal deur A.M. Donner. Leiden : Donner.

CALVYN, J. 1899. De Handelingen der Apostelen I en II. Vertaal deur G. Wielinga. Kampen : Kok.

COETZEE. J.C. 1985. Drie wesenlike elemente van egte prediking - Indikatief. Imperatief en Belofte. (In: Van der Walt, J.J. red 1985 God aan die Woord. Potchefstroom : Departement Diakonologie, PU vir CHO. p.17-28.)

CILLIERS, J.H. 1982. Soos woorde van God. Ontwerp van 'n preekanalitiese model. Stellenbosch. (Proefskrif. D.Th. Universiteit van Stellenbosch.)

CROUCH, O.L. 1983. Expository preaching and teaching. Hebrews. "God, having spoken ... has spoken". Joplin : College Press Publishing Co.

CUNLIFFE-JONES, H. 1964. Deuteronomy. The preaching of the Covenant. (In Torch Bible Paperbacks. London : S.C.M. Press.)

DIJK, K. 1955. De dienst der prediking. Kampen : Kok.

DU TOIT, A.B. 1987. Lukas 15:11-32. (In Burger. C.W. et al. 1987. Woord teen die lig II/2. Riglyne vir prediking oor die gelykenisse en wonderverhale. Kaapstad : NG Kerk - Uitgewers.) '

FOERSTER, W. 1935. Desidaimonesterous. (In TWNT II. Stuttgart : Kohlhammer.)

FLOOR, L. 1974. Die Indikatief en die imperatief in die prediking. Theologia Reformata, 17(1). p.19-23.

FLOOR, L. 1979. Get gericht van God volgens het Nieuwe Testament. Amsterdam : Buijten en Schipperheijn.

GETZ, G.A. 1980. The measure of a church. Glendale : Regal Books.

GREIJDANUS, S. 1933. Kommentaar op het Nieuwe Testament VI. De Brief van de Apostel Paulus aan de Gemeente te Rome II. Amsterdam : Bottenburg.

GREIJDANUS, S. 1941. Kommentaar op het Nieuwe Testament III. Het Heilige Evangelie naar de Beschrijving van Lukas II. Amsterdam : Bottenburg.

GREIDANUS, S. 1970. Sola Scriptura. Problems and principals in preaching historical texts. Toronto : Wedge Publishing Foundation.

GROSHEIDE, F.W. 1942. Kommentaar op het Nieuwe Testament V. Handelingen der apostelen I. Amsterdam : Bottenburg.

GROSHEIDE, F.W. 1948. Kommentaar op het Nieuwe Testament V. Handelingen der Apostelen II. Amsterdam : Bottenburg.

GROSHEIDE, F.W. red. 1950. Bijbelse Encyclopaedie. Kok : Kampen.

GROSHEIDE, F.W. 1932. Kommentaar op het Nieuwe Testament VII. De eerste brief van den apostel Paulus aan de kerk te Korinthe. Amsterdam : Bottenburg.

HOEKSTRA, T. 1926. Gereformeerde Homiletiek. Wageningen : Gebr. Zomer en Keuning.

LINDGREN, A.J. 1965: Foundations for purposeful church Administration. Nashville : Abington.

LOUW, L.K. 1987. 'n Analise van die gemeentesituasie met die oog op gemeentebou. (In Praktiese Teologie in Suid-Afrika 2. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. p.71-93.)

LLOYD-JONES, 1976. Preaching and preachers. London : Hodder and Stoughton.

MORRIS, L. 1974. Luke. An introduction and commentary. (Tyndale New Testament Commentary.) Leicester : Inter-Varsity Press.

OPPERMAN, W.C. 1987. Land en volk in die Nuwe Testament in die lig van die Areopagusrede. Potchefstroom (Th.M-verhandeling, PU vir CHO.)

PACKER, J.W. 1966. The acts of the Apostles. The Cambridge Bible Commentary.) Cambridge : University Press.

PHILLIPS, A. 1973. Deuteronomy. (The Cambridge Bible Commentary.) Cambridge : University Press.

PIETERSE, H.J.C. 1979. Skrifverstaan en prediking. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

RIDDERBOS, J. 1963. Het boek Deuteronomium. (Korte Verklaring der Heilige Schrift.) Kempen : Kok.

SMAIL, T.A. 1980. The forgotten Father. Rediscovering the heart of the Christian Gospel. London : Hodder and Stoughton.

SMIT, D.J. 1987. (In Burger, C.W. et al. 1987. Woord teen die lig II/2. Riglyne vir prediking oor die gelykenisse en wonderverhale. Kaapstad : NG Kerk - Uitgewers. p.11-27.)

STRAK, H.L. en BILLERBECK, P. 1924. Kommentar zum Neuen Testament aus Talmud und Midrasch II. Munchen : Becksche.

THOMPSON, J.A. 1974. Deuteronomy. An introduction and commentary. London : Inter-varsity Press.

TRIMP, C. 1980. De preek. Kampen : Van den Berg.

VAN DER WALT, J.J. red. 1985. God aan die Woord. Potchefstroom : Departement Diakoniologie, PU vir CHO.

VENTER, H. 1961. Taal as beheersingsmiddel. Koers, 29(9):393-411.

VERMEULEN, H.J. 1986. Ideologies-Politieke Prediking. Vereeniging : Reformatoriese uitgewers.

WILLIAMS, R.R. 1965. Acts of the apostles. Nothing can stop the Gospel. (Torch Bible Paperbacks.) London : SCM Press.